



associates  
**HOPKINS  
COETZEE**  
YOUR HR BUSINESS PARTNER

## DEEL 3: DIE ONTWIKKELING VAN MENSE

In my laaste skrywe oor : “Waar staan jy met die ontwikkeling van jou toesighouers en voormanne”, wil ek afsluit met ‘n bestuursinstrument wat deel van die hele proses van personeelontwikkeling uitmaak, naamlik prestasiebestuur.

Daar is heelparty plase wat met groot sukses van ‘n prestasiebestuurstelsel gebruik maak. Op daardie plase kom bestuur en hulle ondergeskiktes jaarliks of 6 maandeliks ooreen wat die kritiese doelwitte vir die jaar gaan wees. Aanpassings deur die loop van die jaar moet natuurlik ook waar en wanneer nodig op ooreengekom word.

Die vordering of nie-vordering word kwartaalliks (verkieklik) of halfjaarlliks gemonitor deur middel van ‘n een tot een gesprek wat tussen die bestuurder en die ondergeskikte plaasvind. Die doel van die gesprek is om te hoor of die doelwit teen keerdatum bereik gaan word al dan nie, en wat die probleem areas is. Onthou ons praat van prestasiebestuur waar die doel is: “Hoe kan ek jou help?”. Daar is ‘n groot verskil tussen “hoe kan ek jou help” en “jy is besig om te faal in dit waarop ons ooreengekom het!” Laasgenoemde staan bekend as prestasiebeoordeling of -meting. Baie reken verkeerdelik dat dit prestasiebestuur is. Jammerte!

Nou hoe pas prestasiebestuur en personeelontwikkeling dan bymekaar in? Eerstens, wanneer ‘n ondergeskikte met sy/haar onmiddellike bestuurder ooreengekom het om sekere doelwitte te bereik, dan is dit vir beide partye en die uiters belangrik dat daardie doelwitte bereik word. Die bestuurder se rol is die van raadgewer en ontwikkelingsadviseur (afrigter) van die ondergeskikte.

Tweedens dien die prestasiebestuurs gesprekke met die bestuurder as aansporing om die ooreengekome doelwitte te bereik, asook die aanvaarding van sy/haar aanspreeklikheid.

Hoe sien ek die prestasiebestuurstelsel in werking ten opsigte van toesighouers en voormanne? Hoe gaan die voorman/toesighouer deur middel hiervan hulle vaardighede ontwikkel en uitbrei?

HOPKINSCOETZEE ASSOCIATES (PTY) LTD  
REG No 2000/019645/07  
VAT: 449 0213 727  
DIRECTORS: GM HOPKINS & HJ COETZEE

---

57 Main Road La Concorde Paarl 7646  
POSTNET SUITE 258 PRIVATE BAG X15 SOMERSET WEST 7129  
TEL: (INT +27) 021-863 0830 • FAX:(INT +27) 21 863 0906 • E-MAIL: [info@hopcal.co.za](mailto:info@hopcal.co.za)



associates  
**HOPKINS  
COETZEE**  
YOUR HR BUSINESS PARTNER

1. Na afloop van die Toesighouer/Voorman kursus kom die bestuurder en die kursusganger byeen om te bepaal watter praktiese aspekte, wat hy/sy by die kursus geleer het, op die plaas geïmplimenteer kan word. Dit raak werksdoelwitte wat bereik moet word.
2. Hulle besluit gesamentlik op 'n datum waarop die eerste prestasiebestuur gesprek gaan plaasvind.
3. Tydens die eerste vergadering behoort enige bestuurder te kan evalueer waarmee die toesighouer/voorman sukkel.
4. Dit is hier waar die bestuurder se leiding van kardinale belang is.
5. Kom ooreen op die datum van die volgende prestasiebestuur gesprek.
6. Hou aan totdat alles, waarop daar ooreengekom is, bereik en in plek is.
7. Klop jouself op die skouer, want nou kan jy tereg sê dat jy deel van die ondergeskikte se ontwikkeling was. Jy het gedoen waarvoor jy aangestel is!

Voordat ek afsluit wil ek graag aan alle plaaseienaars/hoofbestuurders wat reeds met 'n suksesvolle prestasiebestuurstelsel werk, voorstel om, wanneer julle volgende keer weer saam met julle bestuurders hulle prestasiedoelwitte onderhandel, die volgende te doen:

Maak die ontwikkeling van hulle voormanne/toesighouers deel van hulle prestasiebestuurdoelwitte.

Ek weet van maatskappye waar dit altyd een van alle bestuurders se kritiese prestasiedoelwitte is. Dit is selde of ooit wat daardie maatskappye vir bestuursposte adverteer. Hulle ontwikkel eenvoudig hulle eie mense!

**Groete!**

**Pieter Swanepoel**

**HOPKINSCOETZEE**

HOPKINSCOETZEE ASSOCIATES (PTY) LTD  
REG No 2000/019645/07  
VAT: 449 0213 727  
DIRECTORS: GM HOPKINS & HJ COETZEE

---

57 Main Road La Concorde Paarl 7646  
POSTNET SUITE 258 PRIVATE BAG X15 SOMERSET WEST 7129  
TEL: (INT +27) 021-863 0830 • FAX:(INT +27) 21 863 0906 • E-MAIL: [info@hopcal.co.za](mailto:info@hopcal.co.za)